# 4 Maart 2024 - Lesing 252 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Gebedsverhoring - Die korrekte verhouding van kind tot Vader - 6/1/62

**NO: 8073** Ag, besef tog die Liefde van julle Vader, Wie alleen die beste vir julle wil hê. Laat julle tog weghou van die weg wat na die verderf voer, **luister na die lokroep van julle Herder en draai om.**

Keer terug na My en laat julle deur My lei, want wanneer julle julleself ver van My afhou, is julle aan die vyand oorgelewer, wie julle onbarmhartig na benede, die diepte insleur, wie My kudde uitmekaar dryf en hulle met gemak in sy domein bring, wanneer hulle hulself nie onder My beskerming stel **waarheen hy hulle nie kan volg nie**

En julle mense moet weet dat hy steeds vir julle loer, dat hy geen geleentheid laat verbygaan om julle in sy net in te trek nie en dat hy baie sukses het **omdat julle op julle eie krag vertrou**, terwyl julle alleen maar met My ondersteuning oorwinnaar kan wees.

En Ek sien julle noodlot, Ek sien die gevaar waarin julle verkeer en al sou Ek julle ook graag wil help, julle neem My hulp nie aan nie, omdat julle julleself van My afwend, **omdat julle wil nog nie op My gerig is nie**.

En **onder dwang kan julle denke nie verander word** nie, daar moet 'n **vrywillige ommekeer** na My toe geskied, dan eers kan Ek julle by die hand neem, dan eers kan julle My hulp duidelik ervaar.

En om te bereik dat julle julleself vrywillig op My rig, **moet Ek nood oor julle mense laat kom** en weer sal dit vir julle moeilik wees om aan 'n God van Liefde te glo, maar die nood moet julle daartoe bring om die **weg na My te neem en My om hulp te vra**.

Ek wil slegs dit bereik, dat julle die weg na My toe sal vind en dat julle na die **lokroep van julle Herder** sal luister, dat julle na Hom sal vlug wanneer julle in nood is. En julle sal waarlik hulp vind, julle moet slegs julle **roep vanuit die hart** na My toe laat opstyg.

Julle verwonder julle gereeld dat julle gebed geen verhoring vind nie, **dog gee julle geen rekenskap daarvan hoe die gebed is wat julle na My toe stuur nie**.

Wanneer Ek julle **innige versoek** nie gewaarword nie, omdat dit nie in **gees en in waarheid** na My gestuur word nie, hoor Ek julle nie, want sulke versoeke styg daaglikse by die duisende omhoog, maar hulle is sonder gevoel en verslete, dit is **vormgebede** wat Ek nie kan verhoor nie, omdat hulle My nog geen blyke gee van die band, **die verhouding van 'n vraende kind tot sy Vader nie,** Wie dan waarlik ook sal help, met wat dit ook al is. Want vir My is geen ding onmoontlik nie.

Ontbreek egter die **innigheid** aan 'n gebed, dan bereik dit nie My oor nie en dan bly dit ook onvervuld. Nooit egter uit ontbrekende Liefde van My kant af nie, maar **uit ontbrekende kinderlike vertroue in My**, wat 'n sekere waarborg is vir die vervulling van elke wens dan ook.

Kon julle maar net in My onmeetlike Liefde vir julle geglo het, Wie homself steeds maar wil wegskenk, Wie julle nie wil laat ly nie. Maar julle houding dwing My daartoe om middele aan te wend wat julle aanleiding gee om aan My Liefde te twyfel. En tog wil Ek julle maar net help.

En salig is hy wat van hierdie uiterste hulpmiddele gebruikmaak, wie die weg nog na My vind en My aanroep in sy nood. Want hulle sal waarlik My hulp gewaarword en My duidelik mag ervaar en hy sal glo in My en nie verlore gaan nie. Amein.